Nuusbrief 178

30 April 2012

Kresoot Tekorte

AMCC beoog verhoging in volumes - SAWPA het onlangs 'n vergadering met Arcelor Mittal gehad waar daar deur hulle aangedui was dat hulle hul kreosoot volumes gaan verhoog deur 'n kreosoot "toevoeging", soortgelyk soos deur FFS in Oktober 2011 gedoen was. AMCC voorsien dat die byvoeging AMCC se bestaande produksie met tussen 40 and 50% sal verhoog. AMCC het reeds alle interne analises gedoen en is tans besig met onafhanklike derde party analises by die SABS. Hoewel die toevoeging 'n effek op die finale produk sal hê, sal dit steeds aan die vereistes van SANS 616 tipe 3 kreosoot voldoen. AMCC sal die besonderhede aan hulle kliënte en die bedryf kommunikeer.

Industrievergadering – 'n vergadering is gereël vir die 7de Mei om 9:00 by die SAFCA gebou, 6 Hulley weg, Isando. Die vergadering sal bygewoon word deur verteenwoordigers van AMCC, FFS asook van die kreosoot verduursamingaanlegte. Die doelwit is om die huidige situasie in die kreosoot industrie te bespreek t.o.v. vraag en aanbod. Dit is belangrik dat elke kreosootaanleg probeer om 'n verteenwoordiger by die vergadering te hê. Die voorgestelde agenda is as volg:

- Groei in Kreosootmark vanaf 2005 tot 2012 (aangebied deur Pierre Tullis - SAUPA)
- Bespreking oor die huidige kreosoot volumes, die vraag en die tekortkomings.
- Huidige beperkinge t.o.v. kreosootverskaffing deur FFS (FFS aanbieding)
- Huidige beperkinge t.o.v. kreosootverskaffing deur AMCC, asook toekomsplanne om dit te verhoog (AMCC aanbieding)
- Pad vorentoe vir die kreosootbedryf.

Onwettige Behandelaars

Behandelaars aangegee: In Nuus Brief nr. 175, gedateer 31 Oktober, het ons 'n berig geplaas rakende aksie wat teen 'n onwettige behandelaar in Limpopo geneem is. SAWPA is weer bewus gemaak van 'n aanleg wat onlangs opgerig is naby die vorige aanleg. Daar is 'n sterk vermoede dat die aanleg deur dieselfde oortreders begin is en die nodige inligting is reeds aan die NRCS deurgegee vir verdere ondersoek en streng optrede indien dit wel die geval is. Ons kan ook verslag gee oor twee ander aanlegte, een in die Hluhluwe omgewing en een in die Soekmekaar omgewing wat aan die NRCS gerapporteer is. Ons wag nog op terugvoer oor die vordering met die ondersoeke. Hoewel dit aanvaar was dat die huidige tekorte van kreosoot en die nie-verskaffing aan herverpakkers die probleem sou oplos, blyk dit dat die behandelaars chemikalie gebruik wat nie suiwer kreosoot is nie, maar ander soortgelyke kool-teer produkte wat selfs soms met gebruikte motorolie gemeng word. As in ag geneem word dat hierdie onwettige praktyk baie lae retensies behaal, is dit te verstane dat hulle selfs met klein volumes "kreosoot' redelik ver kan kom.

Inligtingsbiljet in amptelike tale: SAWPA is in die proses om die dienste van vertalers te kry met die doel om die inligtingstuk, "Houtverduursaming en die wet", in die meer algemene tale van die streke waar onwettige behandelaars aktief is, te vertaal. Meeste van die onwettige behandelaars kan nie Engels of Afrikaans lees of verstaan nie en die inligtingstuk is tans net in die tale beskikbaar.

NRVS Goedkeuring - Vorderingsverslag

Tydens 'n onlangse besoek aan die NRVS om twee nuwe aanlegte se aansoeke in te dien, het ek die beampte wat verantwoordelik is vir die goedkeurings gevra oor die vordering met die verwerking daarvan. Met verbasing moes ek aanhoor dat die vordering baie stadig is en dat slegs 'n handjievol aanlegte reeds verwerk is. Ons sal 'n wakende oog hou oor die aangeleentheid, veral omdat die eerste betalingsperiode vir die NRVS-heffings teen einde Junie verwag word.

Nasionale Bedingingsraad vir die Hout en Papier Sektor - Verlenging van die kollektiewe ooreenkoms

Neem asseblief kennis dat die kollektiewe ooreenkoms van 21 Julie 2006, wat dit bindend gemaak het dat die wat nie die ooreenkoms onderteken het nie, wel gebind is tot en met 17 Maart 2011, deur die minister verleng is tot 30 Junie 2012 deur Kennisgewing Nr 132 van 24 Februarie 2012. Die verlenging is in lyn met die huidige ooreenkoms rakende lone en

ander indiensnemingsvoorwaardes vir die SAAGMEUL-kamer waaronder die houtbehandelingsaanlegte ook ingesluit word Besonderhede van die ooreenkoms was in Nuusbrief Nr 175 van 31 Oktober ingesluit. Indien u meer besonderhede verlang kan u SAWPA kontak.

"WoodeX for Africa"

SAWPA is trots om 'n deelnemer aan die "Woodex for Africa" 2012 skou en konferensie te kon wees wat gehou is van 22 tot 24 Maart 2012. Ons glo dat die uitstalling 'n reuse sukses was en dat ons ons doelwit bereik het deur die besoekers en ander uitstallers bewus te maak van ons industrie en om verduursaamde hout te bevorder. SAWPA het reeds aangedui dat ons aan 2013 se Woodex sal wil deelneem. Ons wil graag aanbeveel dat meer van ons lede in die industrie deelname oorweeg.

SAWPA Vergaderingskedule

Aangesien daar nie soos gewoonlik SAWPA streek-, chemiese forum- en uitvoerende bestuur vergaderings in Maart/April gehou was nie beplan ons om slegs een ronde streek vergaderings te hou. Die vergaderings, tesame met on AJV sal dus in Junie en Julie gehou word en die datums is so gekies dat dit nie op die skool vakansie sal inbreek maak nie. Die voorgestelde datums is as volg en finale plekke, tye en agendas sal binnekort bevestig word.

Streek vergaderings:

4 Junie – Limpopo (Tzaneen)
6 Junie – Mpumalanga (Badplaas)
8 Junie – KZN (Pietermaritzburg)
11 Junie – Gauteng/Noord Wes (Lanseria)
13 Junie – Suid/Oos Kaap (George)
15 Junie – Wes Kaap (Stellenbosch)

Ander veraderings:

25 Julie – Chemiese Forum
26 Julie – Uitvoerende komitee
27 Julie – SAWPA Algemene Jaar Vergadering

Omgewingsgoedkeuring

Dit blyk dat daar 'n redelike mate van wanopvattings t.o.v. omgewingsimpakstudies en ander omgewingsgoedkeurings is wat aanleiding gee tot verwarring en lede wan-ingelig laat oor hulle verantwoordelikhede. SAWPA beveel aan dat u eers kundige advies van gekwalifiseerde omgewings outoriteite kry voordat u nuwe aanlegte begin of uitbreiding wat tot vergrote kapasiteit lei. Nie voldoening mag uitermatige boetes tot gevolg hê.

2011 Behandelde Hout Statistieke

Ons was hoopvol om teen die einde van die eerste kwartaal en ten laatste einde April, die 2011 statistieke bekend te maak. Dit wil egter voorkom of daar weer 'n klein groepie aanlegte (2-3) is wat nie bereid is dat hulle volumes in die statistieke ingesluit word nie. Hulle is die versekering gegee het dat volumes deur die sertifiseringsliggame ingesamel ten alle tye vertroulik bly. Soos etlike male tevore al genoem, kry SAWPA slegs SATAS en die SABS se gekombineerde totale per sertifiseringsliggaam en voeg SAWPA slegs die twee totale bymekaar om die statistieke totale te verkry. Statistieke word tot die beskikking en voordeel van die hele bedryf daargestel, ongeag of hulle lede van SAWPA, SAUPA of glad nie geaffilieer is nie. Die inligting kom ook van tyd tot tyd handig van pas vir geassosieerde bedrywe en ander instansies. Ons het egter nog nie opgegee of enige oorhaastige besluite geneem nie en bly positief dat ons binnekort die jaarlikse syfers bekend sal kan maak.

Inligtingsbrokkies

- Promosiebiljette en muurkaarte – Lede word herinner om gebruik te maak van die inligtingstukke en muurkaarte wat deur SAWPA beskikbaar is aan lede teen geen koste nie. Vir meer inligting kan u ons webtuiste besoek of ons kontak. Ons het ook gelamineerde A3-weergawes van die onlangse inligting- stuk oor "CCA Treated Wood – Safety, handling, use and disposal warnings".
- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Februarie en Maart het weer rekordgetalle bereik met onderskeidelik 35058 en 39851 besoeke.
- Houtbehandeling animasie – SAWPA het onlangs 'n animasie van die hoëdruk-behandelingsproses op You Tube bekend gestel en dit kan deur ons webtuiste by die "UNDERTANDING TIMBER PRESERVATION" bladsy of direk by http://youtu.be/aCF0kYD6ruY besigtig word.
- Klas 2 lede (Nie-behandelaars) sal opgemerk het dat daar 'n verhoging in hulle jaarlikse lidmaatskapsfooi is. Hierdie besluit is op die 2011 AJV goedgekeur en so in die notule bekendgemaak.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 of 011 392 1995 Webtuiste: www.sawpa.org.za of www.sawpa.co.za, epos: sawpa@global.co.za